

Om teenstand teen sosiale geregtigheid te oorkom

Nico Koopman*

Ons vier elke jaar op 20 Februarie Wêrelddag vir Sosiale Geregtigheid. Dit gee vir ons die geleentheid om opnuut na te dink oor die wêreldwye kommer wat oor sosiale ongeregtigheid regoor die wêreld bestaan.

Daar word op verskeie maniere weerstand teen sosiale geregtigheid-inisiatiewe gebied. Een vorm van verzet is dat die term vaag is. Waaroor praat jy regtig wanneer jy oor sosiale geregtigheid praat? Daarom is dit nodig dat ons genuanseerd oor sosiale geregtigheid praat.

Een manier om oor sosiale geregtigheid te praat, is om dit eenvoudig te beskryf as geregtigheid wat hoogty vier in elke sfeer van die samelewing. Sosiale geregtigheid is die geregtigheid van en vir die samelewing – menslike samelewing en die natuur.

Sosiale geregtigheid is saamgestel uit verskeie vorme van geregtigheid. Herverdelende geregtigheid is geregtigheid wat die noodsaaklike middele van die lewe regverdig onder almal versprei, veral onder die kwesbaarstes in die samelewing. Ons het die wil en wysheid nodig om regverdige verspreiding aan almal te verseker.

Herstellende geregtigheid is geregtigheid wat alles wat gebroke is, wil herstel – verhoudings, vertroue, waarheid, waardigheid, vryheid, gelykheid, humaniteit en lewe.

Hervestigende of restituewende geregtigheid is geregtigheid wat weer die oorspronklike stand vestig, wat dit wat gebroke is, wil herstel, wonde genees, gepaste vergoeding soek en wat onreg regmaak.

Rehabilitatiewe geregtigheid is geregtigheid wat terapeuties, genesend en opvoedkundig is; dit herstel voorregte en reputasie; dit neem stigma en verwerping weg.

Vergeldende en strawwende beregting soek nie wraak en vernietiging nie, maar soek eerder berou, vergoeding, rehabilitasie, herstel, restitusie, versoening en genesing.

Versoenende geregtigheid vervreem nie, maar dit omhels. Herverdelende, herstellende, hervestigende, rehabilitatiewe, versoenende en in 'n sekere sin vergeldende geregtigheid is vorme van sosiale geregtigheid, geregtigheid vir almal in al die lewe se verhoudings en sfere.

Sosiale geregtigheid omarm alle verhoudings waarin ons in die menslike samelewing en die natuur leef. Dit kan dus beskryf word as geregtigheid wat rassisme, klassisme, seksisme, homofobie, diskriminasie op grond van vermoë, diskriminasie op grond van ouderdom en omgewingsvernietiging teenstaan.

Sosiale geregtigheid definieer grondwetlike beginsels soos waardigheid, genesing, vryheid en gelykheid. Waar daar geen geregtigheid is nie, is daar geen waardigheid, geen genesing van wonde, geen vryheid en geen gelykheid nie.

Op die analitiese vlak kan 'n mens ook tussen geregtigheid as visie, geregtigheid as waarde, geregtigheid as deug en geregtigheid as verpligting onderskei. Geregtigheid gee uitdrukking aan ons visie vir die samelewing. Dit is 'n waarde waaraan ons gehoor gee, iets wat swaar op ons druk. Geregtigheid is 'n deug wat ons verpersoonlik en uitleef, 'n predisposisie, 'n neiging, 'n inklinasie, 'n intuïsie en uitnemendheid. Geregtigheid as deug beteken ons praat nie net oor geregtigheid as iets

buite ons nie, ons vra eerder of ons mense is wat geregtigheid verpersoonlik, mense van geregtigheid, of net mense. Geregtigheid as verpligting verwys na ons plig om geregtigheid te soek deur die besluite en beleide wat ons formuleer. Ons maak op verskeie besluitnemings- en beleidsvormingsteorieë en modelle staat om geregtigheid te bevorder.

'n Tweede punt van verzet teen sosiale geregtigheid het te doen met die manier waarop dit beoefen word. Geregtigheidsdiskoers word somtyds daarvan beskuldig dat dit eksklusivisties is. Sommige gedeeltes van die samelewing word uitgesluit van deelname aan gesprekke oor sosiale geregtigheid. Blote lidmaatskap van sekere groepe diskwalifiseer jou as moontlike bydraer tot dialoë en inisiatiewe oor sosiale geregtigheid. Gesprekke oor sosiale geregtigheid word besmet indien sommiges se monde gesnoer word. Sonder 'n verskeidenheid sienings kan geregtigheid nie volkome geskied nie.

Die emosies van toepassing op geregtigheid is ook 'n punt van verzet teen sosiale geregtigheid. Vir sommiges beteken geregtigheid bevryding en is dit dus 'n bron van vreugde. Vir ander hou dit 'n bedreiging in en is dit dus 'n bron van vrees en angs. In ons soeke na geregtigheid moet daar 'n sensitiwiteit vir die emosies van geregtigheid wees. Indien hierdie sensitiwiteit ontbreek, kan daar frustrasie in die soeke na geregtigheid ontstaan, wat ook tot vervreemding kan lei. Op die ou einde is ware geregtigheid allesomvattende geregtigheid wat mense verenig en nie vyandigheid vertroetel nie.

Nog 'n punt van verzet teen sosiale geregtigheid is die nie-vervulling daarvan, wat skeptisisme en selfs wanhoop oor die vooruitsigte vir geregtigheid veroorsaak. Daarom is dit noodsaaklik dat ons na die vervulling en uitlewing van geregtigheid op 'n konkrete manier en op elke vierkante sentimeter van die heelal strewe.

In die plaaslike en wêreldwye konteks bevorder ons geregtigheid waar ons 'n rasonale en analitiese benadering tot dit aanhang; waar ons op 'n regverdige en inklusiewe manier daarna strewe; waar ons dit met sensitiwiteit bevorder; en waar ons verseker dat dit nie net op skrif nie, maar ook buite op die speelveld goed vertoon.

****Prof Nico Koopman is die Viserektor vir Sosiale Impak, Transformasie en Personeel aan die Universiteit Stellenbosch.***